

WORD DIE PARTIKEL **וְאִם** AS INLEIDINGSPARTIKEL IN VOORWAARDELIKE SINNE IN BYBELSE HEBREEUS GEBRUIK?

H.F. van Rooy, Departement Klassieke en Semitistiek, Potchefstroomse
Universiteit vir CHO, Privaatsak X6001, 2520 Potchefstroom.

onthfvr@puknet.puk.ac.za

*In verskillende studies van die sintaksis van Bybelse Hebreeus word aanvaar dat die partikel **וְאִם** gebruik kan word ter inleiding van die protases van voorwaardelike sinne. Min voorbeelde word egter gegee. In die studie van Friedrich (1884) word egter 'n groot aantal voorbeelde van voorwaardelike sinne met hierdie partikel gegee. Baie van die voorbeelde kan egter net so goed of beter as betreklike konstruksies verstaan word. In hierdie artikel word die moontlike gebruik van hierdie partikel as voorwaardelike partikel ondersoek in die boeke Genesis, Exodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium, Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings. Ter wille van die bespreking word die voorbeelde in wetskontekste en verhalende kontekste apart ondersoek. Dit blyk dat daar 'n aantal voorbeelde voorkom waar die partikel inderdaad gebruik word ter inleiding van protases. Dit gebeur ook meer in die geval van kasuïstiese wette as in verhalende kontekste. 'n Verklaring vir die verskynsel word aan die hand van die Transformasionele Grammatika gebied.*

*In different studies of the syntax of Biblical Hebrew it is accepted that the particle **וְאִם** can be used to introduce the protases of conditional sentences. Only a few examples are usually given. In the study of Friedrich (1884) a large number of examples are listed. Many of these examples could, however, just as well be regarded as relative constructions. In this article the possible use of this particle as conditional particle is investigated in the books Genesis, Exodus, Leviticus, Numbers, Deuteronomy, Joshua, Judges, 1 and 2 Samuel and 1 and 2 Kings. The possible cases in legal and narrative contexts are studied separately. There are quite a number of instances where the particle is used as conditional particle. This use is more frequent in legal contexts, in the case of casuistic laws. An interpretation of this use is given using Transformational Grammar.*

1. INLEIDING

In die bespreking van voorwaardelike sinne in Bybelse Hebreeus wys verskillende skrywers daarop dat die partikel **וְאִם** as 'n voorwaardelike partikel gebruik kan word. Gewoonlik word met slegs 'n kort opmerking volstaan.

Gesenius-Kautzsch-Cowley (Paragraaf 159cc) het net 'n kort opmerking waarin vir die voorwaardelike gebruik van die partikel וְאִם bloot verwys word na Levitikus 4:22, Deuteronomium 11:27 en Josua 4:21, met in hakies die opmerking dat die partikel in ander betekenisse ook met כִּי kan ooreenstem. Van Leeuwen (1973:18) stel in hakies dat וְאִם by werklike voorwaardes gebruik kan word en verwys ook na Deuteronomium 11:27 en Josua 4:21. Davidson verwys kortliks na die gebruik van die partikel in voorwaardelike sinne. Hy sê dat die partikel minder algemeen in voorwaardelike sinne gebruik word (1924:176) en verwys na drie gevalle sonder enige bespreking, naamlik Levitikus 4:22, Josua 4:21 en 1 Konings 8:31. Watts (1964:135) sê dat die partikel soms kan voorkom in die eerste van die vier groepe voorwaardelike sinne wat hy onderskei, die voorwaardes wat voor die hand liggend is. Hy verwys bloot na Exodus 21:13 en stel dat die gebruik van die partikel prakties ekwivalent is aan die van כִּי . Waltke en O'Connor wys daarop dat וְאִם in 'n verskeidenheid van ondergeskikte sinne gebruik kan word, benewens in betreklike bysinne, en gee een voorbeeld van die gebruik van die partikel in voorwaardelike sinne, naamlik Deuteronomium 11:27 (1990:635, 637). In die werke van hierdie skrywers word daar saam na net vyf voorbeelde verwys en in nie 'n enkele geval is daar 'n breër bespreking van die verskynsel nie.

Dit is anders gesteld met die werk van Friedrich (1884), wat breedvoerig aandag gee aan 'n verskeidenheid van maniere waarop voorwaardelike sinne gevorm kan word. 'n Belangrike onderskeid wat Friedrich maak, is die tussen sinne wat na vorm en betekenis voorwaardelik is (*Die Conditionalsätze der Form und dem Sinne nach*, 1884:4) en sinne wat net na betekenis voorwaardelik is (*Die Conditionalsätze dem Sinne nach*, 1884:59). Die eerste groep sinne is herkenbaar op formele gronde, veral deur die gebruik van voorwaardelike partikels soos אִם en כִּי . Die tweede groep word gekenmerk deur neweskikkende konstruksies of deur die aanwending van ander onderskikkende konstruksies in die plek van voorwaardelike sinskonstruksies, soos byvoorbeeld konstruksies waar die protasis vervang word deur 'n betreklike bysin. By laasgenoemde speel die partikel וְאִם natuurlik 'n besondere rol.

Hy het omvattend aandag gegee aan die moontlikheid van die gebruik van die partikel וְאִם in voorwaardelike konstruksies, maar was geneig om te maklik sinne voorwaardelik te verklaar wanneer daar ander meer voor die hand liggende moontlikhede is. Hy gaan ook in detail in op die verskillende konstruksiemoontlikhede, maar daar is 'n gebrek aan sintese. Op een plek behandel hy die konstruksie van die protasis, op 'n ander die konstruksie van die apodosis, met baie moontlikhede, en op 'n ander weer die vervoegings van die werkwoord, of die wyse waarop voorwaardelike sinne in die breër konteks formeel ingeskakel word, maar daar is nie sprake van 'n behoorlike sintese nie.

Die terloopse verwysing na die voorkoms van וְאִם in voorwaardelike sinne aan die een kant en die moontlike oordrywing van die moontlikheid deur

Friedrich maak dit noodsaaklik om die saak op so 'n wyse te ondersoek dat 'n bevredigende oplossing vir die probleem voorgestel kan word.

2. DEFINIËRING

Voorwaardelike sinne is bysinne wat binne die werkwoordstuk van 'n hoofsin funksioneer as adjunkte, terwyl betreklike bysinne natuurlik 'n naamwoord in enige naamwoordstuk kan kwalifiseer (in aansluiting by die terminologie van Ponelis, 1979).

'n Ander beskrywing van voorwaardelike sinne word aangetref in die werk van Renate Bartsch (1976), wat die funksionele grammatikale model gebruik. Sy sluit aan by Harris se stelling dat die funksie van adverbiale konstruksies beskryf kan word aan die hand van drie van die sewe operatore wat hy onderskei, σ_s (sinoperator), σ_c (sinsverbinder) en σ_a (woorduitbreiding). Voorwaardelike bysinne definieer sy dan soos volg (1976:108): Conditional adverbials are based on a σ_c -construction with c ='wenn' ('if') or c ='falls' ('in case of'), in which sentences s_1 and s_2 describe two state of affairs such that the occurrence of the antecedent state of affairs conditions the occurrence of the consequence state of affairs. Sy wys verder ook daarop dat daar tussen voorwaarde en gevolg gewoonlik oorsaaklike, temporele of konvensionele band is. Alhoewel sy met 'n funksionele model werk, word daar tog plek aan transformasies gegee, wat in die verklaring van alternatiewe konstruksiemoontlikhede van voorwaardelike sinne 'n belangrike rol kan speel.

Friedrich (1884) definieer voorwaardelike sinne as 'n uitbreiding van die eenvoudige hoofsin waardeur die verwerkliking van 'n saak van 'n bepaalde voorveronderstelling afhanklik gemaak word. Teenoor gevolgsinne, wat met die werklikheid van die verband tussen oorsaak en gevolg handel, handel voorwaardelike sinne dan met die moontlikheid van hierdie verband tussen oorsaak en gevolg (1884:1). Die logiese moment van die verbinding van die voorwaarde met die gevolg is vir hom die van "*Ursache und Wirkung*" (1884:2).

Dit moet wel raakgesien word dat die voorwaardelike verhouding tussen twee sinne op die semantiese vlak lê. In Nida en andere (1983:102-103) se terminologie het ons hier te doen met 'n gesubordineerde verhouding wat logies is en wat omskryf kan word as die verhouding tussen voorwaarde en resultaat (condition and result).

3. VERSAMELING VAN DATA

Die gegewens wat in hierdie artikel gebruik word, is 'n deel van die gegewens van 'n breër ondersoek wat met behulp van 'n toekenning van die RGN onderneem is (Van Rooy, 1990). Reeds in die literatuurstudie is alle verwysings na voorbeelde van voorwaardelike sinne wat deur die verskillende skrywers behandel is, aangeteken. Omvangryke verwysings word aangetref by

Van Rooy

Friedrich (1884), Driver (1969), Watts (1964), Gesenius-Kautzsch-Cowley (1966), Van Leeuwen (1973) en Davidson (1924), terwyl ander geleerdes ook verdere voorbeelde verskaf het, soos Labuschagne (1973) ten opsigte van sinne met **אשר** en **אשר** as moontlike voorwaardelike partikels. Hierdie verwysings is aangevul deur met behulp van databasisse soos die CATSS-program, alle verwysings na moontlike voorwaardelike partikels in die gekose corpus (die Pentateug, Josua, Rigters, Samuel en Konings) op te spoor. Sodoende is alle gevalle waar die partikel **אשר** in die corpus voorkom, ondersoek.

Hierna is die groot aantal voorbeelde gesistematiseer deur 'n databasis te skep met behulp van die program DBASEIIIplus. Hiervoor is 'n databasisstruktuur geskep waarin die verskillende voorbeelde omvattend ontleed kon word, met aandag aan 'n verskeidenheid van sake wat vir die ontleding van die sinne van belang mag wees. Tradisioneel is daar in ondersoeke na voorwaardelike sinne gekonsentreer op sake soos die partikels wat gebruik word, die vervoegings van die werkwoorde en die aard van die voorwaarde - werklik of onwerklik. Uit die voorstudie vir hierdie ondersoek het reeds geblyk dat daar meer faktore nodig is. Daar is dus in die databasis ruimte geskep vir die sake hierbo na verwys, maar ook vir ander sake, soos die konteks waarin die betrokke voorbeeld voorkom. Na hierdie verwerking was inligting oor ongeveer 800 moontlike voorbeelde beskikbaar vir verdere verwerking en interpretasie. Met behulp van die rekenaarprogram kon die verskillende voorbeelde hierna gerangskik word, met besondere aandag aan sake soos konteks, tyd, partikels, aard van die voorwaarde, ensovoorts. Vir hierdie artikel is alle gevalle waarin **אשר** voorkom en waar dit teoreties moontlik voorwaardelik sou kon wees, gebruik.

4. ENKELE VOORBEELDE TER ILLUSTRASIE VAN DIE PROBLEEM

Wanneer daar gelet word op die moontlike gebruik van die partikel in voorwaardelike konstruksies, moet gevra word na die verskil tussen hierdie gebruik van die partikel en die gebruik daarvan in betreklike bysinne. Soms word sinne voorwaardelik verklaar waar daar eerder sprake kan wees van die selfstandige betreklike bysinne, soos in Numeri 5:10 waar die sin met **אשר** voorop staan en ook kan geld as die onderwerp van 'n nominale sin: **איש אשר יתן לכהן לו יהיה**. Die bysin word wel deur 'n casus pendens voorafgegaan, maar dit kan as onderwerp van die bysin geld: "Wat 'n mens betref, wat hy aan die priester gee, moet syne wees." Om dit voorwaardelik te interpreteer, soos Friedrich doen, klink geforseerd: "As 'n mens iets aan die priester gee, moet dit syne wees." Nog 'n voorbeeld word aangetref in 1 Samuel 17:25, waarna later teruggekom word.

Friedrich meen dat algemene betreklike bysinne, byvoorbeeld na die partikel **כאשר**, ook voorwaardelik gebruik kan word. Tog is van sy voorbeelde baie geforseerd, of selfs onmoontlik, soos in 2 Samuel 15:2, waar dit nie gaan oor

'n saak met 'n voorwaarde nie, maar waar dit dui op iets wat by herhaling in die verlede plaasgevind het.

In 2 Samuel 15:35 en 36 word nog twee voorbeelde van hierdie konstruksie aangetref waarna Friedrich ook verwys. Die voorbeelde is belangrik omdat die konstruksie van die twee voorbeelde verskil, al word dit in dieselfde gesprek deur dieselfde spreker uitgespreek. In die tweede voorbeeld, in vers 36, is die konstruksie soos volg: **אשר תשמעו** ("En julle moet deur hulle na my stuur elke woord wat julle hoor."). Hier is daar geen voor die hand liggende rede om die frase wat met **אשר** begin en dan deur die betreklike bysin na **אשר** uitgebrei word, as 'n voorwaardelike konstruksie te beskou nie. **אשר** kan gewoon as die voorwerp van die hoofwerkwoord beskou word, wat dan deur 'n betreklike bysin verder verklaar word. Friedrich (1884:68) wys ook daarop dat hierdie voorbeeld die woordeorde en sinskonstruksie het wat normaalweg by betreklike bysinne voorkom.

Die voorbeeld in vers 35 is wel anders. Daar word nie 'n "normale" konstruksie van 'n afhanklike betreklike bysin met 'n antesedent aangetref nie, maar eerder 'n casus pendens-konstruksie, waarin die **אשר** voorop gestel word. Die pendens-konstruksie word nog verder uitgelig deur die gebruik van **אשר** vooraan. Die vraag is wel of die sin na betekenis (om Friedrich se terminologie te gebruik) 'n voorwaardelike konstruksie is, en of dit nie dalk eerder tydaanduidend verstaan moet word nie. Om dit in Afrikaans voor te stel: Moet die frase "en elke saak wat jy uit die huis van die koning hoor" getransformeer word na "as jy enige saak uit die huis van die koning hoor", of moet dit eerder getransformeer word na "wanneer jy enige saak uit die huis van die koning hoor"? Hierdie twee voorbeelde maak dit duidelik dat daar soms op die grens tussen betreklike bysinne, voorwaardelike sinne en tydaanduidende sinne beweeg kan word - en die finale keuse berus grotendeels by die leser.

In wetskontekste is dit wel so dat sinne met **אשר** gebruik word in kasuïstiese wette waar 'n sekere geval geskets word met daarna die voorgeskrewe optrede in daardie geval. Partikels soos **אשר** en **כאשר** word uit die aard van die saak dikwels in hierdie soort wette aangetref. Dit kan egter ook gebeur - en dit gebeur dikwels - dat pleks van 'n protasis met een van die partikels, die geval met 'n bysin met **אשר** gestel word. 'n Voorbeeld word aangetref in Levitikus 21:18: **אשר יקרב מום לא יקרב** ("Elke mens aan wie daar 'n letsel is, mag nie nader kom nie." of "As daar aan 'n mens 'n letsel is, mag hy nie nader kom nie."). Hierdie konstruksie met die partikel **אשר** gevolg deur 'n onbepaalde naamwoord soos **איש** en dan die partikel **אשר** word dikwels aangetref. Daar is wat betekenis betref nie wesentlik 'n verskil tussen hierdie konstruksie en een wat met die meer algemene voorwaardelike partikels gestel word nie. Dit is dan wel 'n vraag of hierdie konstruksie as voorwaardelik beskou moet word. Die stelling van die onderwerp met die nadere bepaling voorop neig na die tipiese konstruksie van voorwaardelike sinne. Die vraag

imperfektum) geplaas. In die apodosis word eers 'n nominale sin aangetref waarin 'n afleiding uit die optrede gemaak word. Daarna volg 'n tweede sin, met die perfektum met ך, waarin die optrede in so 'n geval uiteengesit word. Daarop volg nog twee sinne, waarin die oortreding en die optrede saamgevat word. In die eerste hiervan word die perfektum aangetref, met die voorwerp voorop, en in die tweede die imperfektum, wat ook na die voorwerp staan.

Net soos by die ooreenstemmende geval by כִּי kan daar ook ander woorde as אִישׁ aan die begin gebruik word. In Levitikus 20:6 word וּנְפֹשׁ aangetref, met God as die onderwerp van die twee sinne in die apodosis, wat albei deur die perfektum met ך ingelei word. In Deuteronomium 18:20 word 'n voorbeeld met הַנְּבִיאָה voor die partikel aangetref. Alhoewel dit moontlik is om hierdie voorbeeld betreklik te verklaar, dui die feit dat die apodosis met die perfektum met ך begin dalk daarop dat die bysin eerder selfstandig as 'n protasis benader moet word.

In Deuteronomium 18:19 word die volgende voorbeeld aangetref: וְהִידֵּהוּ הָאִישׁ אֲשֶׁר לֹא־יִשְׁמַע אֶל־דְּבָרֵי אֲשֶׁר יִדְבֹר בְּשֵׁמִי אֲנֹכִי אֲדַרְשׁ מֵעַתָּה (“En die man wat nie luister na my woorde wat hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek rekenskap eis.” of “En as ‘n man nie luister na my woorde wat hy in my Naam spreek nie, sal Ek rekenskap van hom eis.”). Die merkwaardige is hier die gebruik van וְהִידֵּהוּ aan die begin van die sin, iets wat wel voorkom by tydaanduidende of voorwaardelike sinne ingelei deur כִּי of אִם, maar wat raar sou wees as die sin bloot betreklik opgeneem moes word. Vergelyk ook Deuteronomium 17:13, waar daar 'n bepaling gegee word oor 'n persoon wat die voorafgaande nie wil gehoorsaam nie.

5.1.3 כל (...) אֲשֶׁר

'n Konstruksie wat meermale aangetref word vir kasuïstiese wette is die een waar die partikel אֲשֶׁר voorafgegaan word deur die partikel כֹּל gevolg deur 'n bepaalde naamwoord, soos נֶפֶשׁ. 'n Voorbeeld hiervan word aangetref in Levitikus 23:30: וְכֹל־הַנֶּפֶשׁ אֲשֶׁר תֵּעָשֶׂה כֹּל־מִלֵּאכָה בַעֲצָם הַיּוֹם (En elke mens wat enige werk doen op daardie selfde dag, hom sal Ek uitroei uit sy volk.) of “En as enige mens enige werk doen op daardie selfde dag, sal Ek hom uitroei uit sy volk.”). Die feit dat die perfektum met ך aan die begin van die apodosis gebruik word, roep die vraag op of die sin nie eerder voorwaardelik as betreklik verklaar moet word nie. Dieselfde sou ook ten opsigte van die voorafgaande vers gevra kon word. Die sin begin met die partikel כִּי in redegewende gebruik, maar verder is die konstruksie presies dieselfde as in vers 30, tot ook met die perfektum met ך in die apodosis.

In Levitikus 7:27 word 'n voorbeeld aangetref waar נֶפֶשׁ onbepaald is (met die perfektum met ך in die apodosis). In Levitikus 21:18 word, na die partikel כִּי wat redegewend gebruik is, hierdie konstruksie aangetref met אִישׁ: כִּי כָל אִישׁ אֲשֶׁר. Vergelyk ook vers 21. In die apodosis word die imper-

fektum na לֹא aangetref. 'n Voorbeeld met 'n uitgebreide protasis word in Levitikus 22:3 aangetref, met die perfektum met ך in die apodosis.

Daar kom ook voorbeelde voor waar die partikel כֹּל direk voor אֲשֶׁר geplaas word, sonder 'n naamwoord tussenin. Levitikus 22:20 is 'n kort voorbeeld hiervan: כֹּל אֲשֶׁר־כּוֹ מוֹם לֹא תִקְרִיבוּ (“Elkeen wat 'n gebrek het, mag nie nader kom nie.”). 'n Langer voorbeeld, met die imperfektum in die protasis en die perfektum in die apodosis, word in Levitikus 18:29 aangetref. Vergelyk ook Levitikus 6:20a, wat wel maklik as 'n gewone hoofsin met betreklike bysin geïnterpreteer kan word.

5.2 In dubbele wette

5.2.1 אֲשֶׁר in die eerste protasis en אִם in die tweede

In Levitikus 17:15-16 word 'n geval aangetref waarin die optrede voorgeskryf word van 'n persoon wat vleis van 'n dooie dier geëet het. In die eerste van die dubbele bepaling word gestel dat so 'n persoon sy klere en homself moet was. In die tweede bepaling word gestel dat iemand wat dit nie doen nje, sy skuld moet dra. Die eerste bepaling word geformuleer met וְכֹל־נֶפֶשׁ אֲשֶׁר en die optrede volg daarna met die perfektum met ך, soos dikwels in die apodosis van voorwaardelike sinne. Die tweede protasis begin met אִם לֹא en die apodosis weer met die perfektum met ך. Kyk ook na Deuteronomium 11:27.

5.3 In komplekse wette

In komplekse wette word in 'n eerste voorwaardelike sin die hoofsaak gestel waaroor die hele kompleks handel, gevolg deur 'n aantal sinne wat ondergeskikte sake stel. 'n Voorbeeld tipies van dit wat meermale in Levitikus aangetref word, is in 1:2-17. Aan die begin word die hoofsaak gestel, ingelei deur כִּי. Daarin word gesê dat as iemand 'n offer wil bring, 'n bees of 'n skaap geoffer moet word. Daarna word bepaalde voorskrifte vir die twee gevalle gegee, ingelei deur אִם (vers 3) en וְאִם (vers 10). In vers 14 (weer na וְאִם) word dan vir 'n derde moontlikheid voorsiening gemaak, naamlik 'n voël as offer. Dit gebeur meermale dat ander konstruksies as die met אִם gebruik word om van die ondergeskikte gevalle aan te dui.

5.3.1 אֲשֶׁר op sy eie ter inleiding van 'n ondergeskikte voorwaarde

In Levitikus 4:2-35 word 'n baie lang komplekse bepaling aangetref. Die hoofsaak word aan die begin gestel in 'n protasis ingelei deur כִּי נֶפֶשׁ, sonder 'n apodosis. Daarna word verskeie besondere gevalle gemeld van mense wat die besondere oortreding begaan, met die opdrag wat in elke geval gedoen moet word. Dit raak die priester (vers 3, met אִם), die hele vergadering van Israel (vers 13, met וְאִם), 'n נְשִׂיאָה (vers 22, met אֲשֶׁר) of 'n lid van die volk (vers 27, met וְאִם־נֶפֶשׁ).

In Exodus 21:12-14 word die hoofvoorwaarde word gestel deur 'n deelwoord-frase opgevolg deur 'n perfektum met ך. Die apodosis is een wat algemeen voorkom by kasuïstiese wette, naamlik dat die oortreder beslis gedood moet

word. In die volgende sin word 'n uitsondering gestel, ingelei deur **וְאִשֶּׁר**. Die apodosis word ingelei deur die perfektum met **וְ**. In 'n derde sin word gesê wanneer die straf wel toegepas moet word. Die protasis word ingelei deur die partikel **וְכִי** met die imperfektum en in die apodosis word 'n adjunk vooropgestel, hier duidelik vir beklemtoning: "Moet jy hom selfs van die altaar wegneem om gedood te word". Die drie verskillende konstruksies lê, wat betekenis betref, op dieselfde vlak.

Dit kan ook gebeur dat aan die begin van komplekse wette 'n voorwaardelike sin aangetref word met 'n omstandigheidsaanduiding, waarop daar dan 'n opdrag volg, opgevolg met ondergeskikte bepalings. 'n Voorbeeld hiervan word in Deuteronomium 19:1-13 aangetref. Aan die begin word 'n omstandigheidsaanduiding na **כִּי** aangetref, waarin die tyd wanneer die volk die land sal besit, in vooruitsig gestel word. In die apodosis word dan gesê dat hulle dan drie vrystede moet afsonder. In vers 4 word dan 'n nie-voorwaardelike inleiding aangetref tot die besondere bepalings. Die eerste geval word ingelei deur **וְאִשֶּׁר**, wat uitgebrei word deur nog 'n sin in die protasis ingelei deur **וְאִשֶּׁר**.

5.3.2 **וְאִשֶּׁר ... כִּל ter inleiding van 'n ondergeskikte voorwaarde**

In Levitikus 15:25-31 word 'n geval aangetref waar daar 'n hoofsaak is, ingelei deur **כִּי** **וְאִשֶּׁר** en 'n ondergeskikte geval ingelei deur **וְאִם**. Ten opsigte van die hoofsaak word daar egter verskeie nadere gevalle gespesifiseer. Eers word daar 'n alternatief gestel as tweede deel van die protasis, ingelei deur **כִּי**. Daarna volg daar twee besondere gevalle ingelei deur **וְאִשֶּׁר...כִּל**, en een ingelei deur **כִּל** met die deelwoord. In die laaste geval volg selfs 'n apodosis met die perfektum met **וְ**.

'n Kort voorbeeld waar die hoofvoorwaarde deur **כִּי** ingelei word en die enkele ondergeskikte voorwaarde deur **וְאִשֶּׁר** word in Levitikus 15:16-17 aangetref. In die hoofvoorwaarde word die partikel in die protasis deur **וְאִשֶּׁר** voorafgegaan. In die ondergeskikte word **וְאִשֶּׁר** voorafgegaan deur 'n frase met **כִּל**. In albei gevalle word egter in die apodosis die perfektum met **וְ** aangetref, opgevolg deur nog 'n perfektum met **וְ** in 'n tweede sin.

In Levitikus 15:2-15 word 'n voorbeeld aangetref waar die hoofsaak deur **כִּי** ingelei word, met verskeie konstruksies vir die ondergeskikte sake, naamlik **וְאִשֶּׁר...כִּל** (twee keer na mekaar), **וְאִשֶּׁר**, die deelwoord met die lidwoord (twee keer na mekaar), **וְכִי**, **וְאִשֶּׁר...כִּל**, **כִּל** met die deelwoord, die deelwoord met die lidwoord, **וְאִשֶּׁר**, **כִּל**, **וְאִשֶּׁר** na 'n antesedent en **וְכִי**. Weer is daar geen wesentlike verskil tussen die sake wat met verskillende konstruksies gestel word nie. In Numeri 15:22-31 word die hoofsaak met **כִּי** ingelei, met 'n ondergeskikte protasis ingelei deur **וְאִם** **וְהָיָה**. Twee ondergeskikte voorwaardes word daarna aangetref, die eerste ingelei deur **וְאִם** en die tweede deur **וְהִנֵּפֶשׁ**.

In Levitikus 15:19-24 word 'n voorbeeld aangetref waar die hoofsaak gestel word deur **כִּי** **וְאִשֶּׁר**, met verskillende konstruksies vir die ondergeskikte

gevalle, waaronder **כִּל** **וְאִשֶּׁר** twee keer.

In Levitikus 11 word 'n lang reeks bepalings aangetref waarin voorskrifte gegee word oor watter diere geëet mag word en watter nie. Tussenin word dan gestel dat iemand wat van die diere eet, onrein is. In vers 24 word die handeling weergegee deur 'n deelwoord met **כִּל**, waarop volg dat die persoon onrein sal wees tot die aand toe. Dieselfde gebeur in vers 25, 26, 27, 28, 31 en 36. In vers 32, 34 en 35 word dit gedoen deur **כִּל** **וְאִשֶּׁר**. In verse 37, 38 en 39 word dit gedoen deur sinne met **וְכִי**. Die drie verskillende konstruksies word vir presies dieselfde saak gebruik, met waarskynlik vir die skrywer geen verskil tussen die drie nie.

5.3.3 **וְאִשֶּׁר ter inleiding van 'n ondergeskikte voorwaarde**

Oor die algemeen is dit so dat komplekse wette met 'n hoofgeval wat voorwaardelik gestel word, ingelei word. Dit kan egter ook gebeur dat 'n nie-voorwaardelike inleiding aangetref word, soos die inleiding tot Levitikus 7:11-21: **וְזֹאת תֹּרַת זֶבַח שְׁלָמִים אֲשֶׁר יִקְרִיב לַיהוָה** ("En dit is die wet vir die dankoffer wat hy aan die Here bring."). Hieronder word nou vir twee moontlikhede voorsiening gemaak, naamlik offers wat verband hou met **תֹּרַה** en offers wat verband hou met **נִדָּר** of **נִדְבָה**. Die twee moontlikhede word ingelei deur **וְאִם** in vers 12 vir die eerste en deur **וְאִם** in vers 16. In die geval van die tweede moontlikheid is daar weer verdere ondergeskikte moontlikhede waarvoor voorsiening gemaak word. Die eerste word in vers 18 ingelei deur **וְאִם**, en dit word weer verder gekwalifiseer deur 'n deelwoordfrase plaas van nog 'n protasis. In vers 19 word daar die konstruksie van **וְאִשֶּׁר** voorafgegaan deur 'n naamwoord (**וְהִנֵּפֶשׁ**) aangetref, en ook in vers 20 (**וְהִנֵּפֶשׁ**). Vergelyk ook Levitikus 22:4-7, waar 'n apodiktiese wet aangetref word, met 'n ondergeskikte bepaling wat met 'n deelwoordfrase begin, opgevolg deur **וְאִשֶּׁר**.

In Levitikus 5:1-13 word 'n geval aangetref waar daar in die eerste protasis 'n verskeidenheid gevalle opgesom word, waarvoor daar dan voorsiening gemaak word in die apodosis. In hierdie lang protasis word ook in 'n tussensin 'n aanvulling gegee deur 'n voorwaardelike konstruksie ingelei deur **וְאִם**. Daar word drie verdere gevalle genoem, waarvan die eerste ingelei word deur **וְאִשֶּׁר** **כִּי**, die tweede deur **וְאִם** **כִּי** en die derde deur **וְאִם** **כִּי**. Daar is geen voor die hand liggende verskil tussen die drie moontlikhede nie, sodat die drie konstruksiemoontlikhede hier alternatiewe opsies vir dieselfde soort voorwaarde moet wees.

5.3.4 **וְאִשֶּׁר in voorwaardelike sinne aan die einde van 'n komplekse wet waarin die wet saamgevat word**

In Numeri 5:12-31 word 'n komplekse wet aangetref wat te doen het met die geval waar 'n man sy vrou van ontrouheid verdink, maar sonder bewyse. Die hoofsaak word ingelei deur **כִּי** **וְאִשֶּׁר** **וְאִשֶּׁר**. Daarna word die optrede voorgeskryf. In die woorde wat die priester tot die vrou spreek in verse 19-22,

word dan twee moontlikhede gestel, ingelei deur **אם לא** en **אם**. Na die optrede van die priester word daar weer twee moontlike uitkomstige gestel in verse 27-28. Die eerste word ingelei deur **אם והייתה אם** en die tweede deur **אם לא**. Aan die einde word die wet in vers 29-30 saamgevat. Daar word 'n dubbele protasis aangetref, die eerste ingelei deur **אשר** en die tweede deur **אוי איש אשר**. In hierdie geval is daar ook nie 'n duidelike verskil tussen die konstruksie met **אשר** en die met die meer normale voorwaardelike partikels nie.

6. **אשר** IN VERHALENDE KONTEKSTE

Soos reeds aangetoon, is daar enkele verwysings by die meeste skrywers na die gebruik van die partikel in voorwaardelike sinne. Daarvan is net 'n klein aantal voorwaardelike sinne in verhalende kontekste. Friedrich het aansienlik meer verwysings na sulke gevalle. Sommige van sy gevalle is problematies, soos in Numeri 9:20-21. Die voorbeeld handel nie oor iets voorwaardeliks nie, maar oor iets wat by herhaling in die verlede gebeur het. Voorwaardelike sinne het met die moontlike te doen en hierdie voorbeeld met iets wat in die verlede en feitlik is. Dit kan dus nie as 'n voorwaarde beskou word nie. Presies dieselfde is die geval in Rigters 2:15. Sommige van die voorbeelde waarna Friedrich verwys, is eerder gevalle van die betreklike gebruik van die partikel, soos in 1 Samuel 17:25 (vgl. Friedrich 1884:65, 66). In hierdie geval word die antesedent van die betreklike bysin voorop geplaas, na **והיה**. Na hierdie antesedent, wat as 'n casus pendens funksioneer, word daar terugverwys deur 'n voorwerpsuffiks aan die hoofwerkwoord van die hoofsin. Nog voorbeelde wat eerder betreklik verklaar kan word, word aangetref in 2 Konings 10:19, Josua 1:3, Numeri 22:6 en 17, 2 Samuel 20:11, Exodus 32:33, 20:24 en Genesis 30:33b. Indien hierdie gevalle buite rekening gelaat word, kan daar net ongeveer tien moontlike voorbeelde van voorwaardelike sinne in verhalende kontekste onderskei word met die partikel **אשר**. Onder die voorbeelde kan egter verskillende groepe onderskei word, wat wel ooreenkomste vertoon met die groepe wat met die partikels **אם** en **כי** begin. Omdat die voorbeelde so min is, kan daar nie te veel daaruit afgelei word nie.

6.1 Voorbeelde wat na vorm en betekenis ooreenkomste met kasuïstiese wette vertoon

In 2 Konings 10:24 word die volgende voorbeeld aangetref: **האיש אשר ימלט מן האנשים אשר אני מביא עלידיכם נפשו תחת נפשו** (“Die man wat een van die manne wat ek aan julle oorgelewer het, laat ontsnap, se lewe is in die plek van sy lewe.” of “As iemand een van die manne wat ek aan julle oorgelewer het, laat ontsnap, is sy lewe in die plek van sy lewe.”). Ook hier word 'n geval vermeld met die optrede wat daarop sal volg, soos wat dikwels die geval is met kasuïstiese wette. Hierdie voorbeeld toon dus duidelike ooreenkomste met daardie gevalle. Nog 'n tipiese voorbeeld hiervan word in Genesis 17:14 aangetref: **וערל זכר אשר לא ימול את**

בשר ערלתו ונכרתה הנפש ההוא מעמה את־בריתי הפר (“En 'n manlike persoon wat nie besny is nie, moet uit sy volk uitgeroei word. Hy het my verbond verbreek.”). Die apodosis word ook dikwels in kasuïstiese wette aangetref, vergelyk Numeri 9:13.

6.2 'n Bevel in die apodosis

Van die gevalle waarna wel verwys kan word, lê party op die grens tussen voorwaardelike sinne en tydsaanduidende sinne in die toekoms, soos natuurlik ook meermale die geval is met sinne wat met die partikels **אם** en **כי** begin. 'n Goeie voorbeeld hiervan word in Josua 4:21-24 aangetref. In die protasis word die volgende aangetref: **אשר ישאלו בניכם מחר את־אבותם לאמר** (“As julle kinders môre hulle ouers vra: ...”), waarop dan 'n stuk direkte rede volg. Die apodosis begin met **והודעתם את־בניכם לאמר** (“moet julle jelle kinders vertel: ...”), weer gevolg deur direkte rede. In hierdie geval is dit duidelik dat die partikel nie betreklik kan wees nie. Dit blyk ook uit 'n vergelyking met die sin in vers 6 wat tot 'n groot mate met hierdie een ooreenkom en waarin die protasis ingelei word deur die partikel **כי**. Hierdie voorbeeld is een van die groepe wat Friedrich temporele voorwaardelike sinne noem. In hierdie geval word daar in die apodosis 'n bevel gegee, uitgedruk deur die perfektum met **ל**.

6.3 Dubbele voorwaardelike sinne

In Josua 2:19 word 'n voorbeeld aangetref waar daar in twee sinne na mekaar, ingelei deur **אשר כל**, twee moontlike gevalle in die toekoms aangedui word. Hier word twee moontlike optredes van mense gestel en dan word daar op die gevolge van elk gewys, iets wat tipies is van dubbele voorwaardelike sinne. Die vers is soos volg: **והיה כל אשר יצא מדלתי ביתך החוצה דמו בראשו וראשו ואנחנו נקים וכל אשר יהיה אתך בבית דמו בראשו תהיהו בו** (“En elkeen wat by die deure van jou huis uitgaan buitertoe, se bloed is op sy kop en ons is onskuldig. Maar elkeen wat in jou huis is, se bloed is op ons kop as iemand teen hom optree.”). By die tweede geval word 'n verdere kwalifikasie bygevoeg deur 'n verdere protasis ingelei deur **אם**.

6.4 'n Belofte of aankondiging van oordeel in die apodosis

'n Voorbeeld wat hiervoor van belang is, word aangetref in 1 Samuel 11:7: **אשר איננו יצא אחרי שאול ואחר שמואל כה יעשה לבקרו** (“As iemand nie agter Saul en Samuel aan gaan nie, sal so met sy beste gedoen word.”). In hierdie geval impliseer die protasis 'n bevel en stel die apodosis wat sal gebeur as die bevel nie gehoorsaam word nie, naamlik dat oordeel die ongehoorsames sal tref. Vergelyk ook Josua 15:16 en Rigters 1:12 ('n aanhaling van die vorige), wat nie met kasuïstiese bepalinge ooreenstem nie, maar waarin daar 'n belofte gemaak word. Die sin begin met **אשר** en volg deur 'n imperfektum. Die sin word voortgesit met 'n tweede sin met die perfektum met **ל**, terwyl die nasin ook met die perfektum met **ל** begin. Die

vooropplasing van אֲשֶׁר, hier sonder die partikel כֹּל soos in baie van die ander gevalle, dui daarop dat die voorbeeld ook eerder voorwaardelik verklaar moet word.

6.5 'n Voorwaardelike sin wat volg op 'n bevel

In Exodus 9:19 volg 'n sin wat met אֲשֶׁר... כֹּל begin op 'n bevel en toon die hele konstruksie aan wat die gevolg sal wees as die bevel nie gehoorsaam word nie: כֹּל-הָאָדָם וְהַבְּהֵמָה אֲשֶׁר-יִמְצָא בַשָּׂדֶה וְלֹא יֵאָסֶף הַבַּיִתָּה וְיִרְדּוּ עִלְהֶם הַכֶּרֶד וּמָתוּ (“As enige mens of dier in die veld gevind word wat nie ingebring is nie, sal die hael op hulle val en hulle sal sterf.”). Die sin kan natuurlik as bloot betreklik verklaar word, maar die feit dat die eintlike hoofsin met die perfektum met וְ begin, maak dit ook moontlik om dit voorwaardelik te verstaan.

6.6 'n Voorwaardelike sin waarin 'n afleiding uit omstandighede gemaak word

In Genesis 43:14 kom die volgende sin voor: וְאֲנִי כְאֲשֶׁר שְׂכַלְתִּי שְׂכַלְתִּי (“En as ek van kinders beroof word, sal ek beroof word.”). Hier word 'n afleiding uit die omstandighede gemaak en kan die sin inderdaad voorwaardelik verklaar word, alhoewel dit ook tydaanduidend verklaar sou kon word. Indien die interpretasie korrek is, is dit 'n voorbeeld van 'n voorwaardelike sin ingelei deur כְּאֲשֶׁר, wat dikwels tydaanduidend gebruik word. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel het hierdie sin inderdaad voorwaardelik vertaal.

7. DIE VERHOUDING VAN DIE PARTIKEL TOT DIE ONDERWERP VAN DIE HOOFSIN EN BYSIN


Om die vraag te beantwoord of die partikel wel in voorwaardelike sinne gebruik kan word, is dit belangrik om te let op die vraag of die partikel aan 'n antesedent of die onderwerp van die hoofsin of bysin verbind kan word. In totaal is daar in hierdie artikel ongeveer vyftig voorbeelde van die partikel in wetskontekste en tien in verhalende kontekste behandel wat as voorwaardelik geklassifiseer sou kon word. In sewentig persent van die gevalle (34) in wetskontekste sou die partikel verbind kon word aan die onderwerp van sowel die hoofsin as die bysin, terwyl daar nog elf gevalle is waar dit aan die onderwerp van die bysin verbind sou kon word. In een geval sou die partikel kon dui op die voorwerp van die bysin en die onderwerp van die hoofsin. Dit is Numeri 5:10, waar die partikel voorafgegaan word deur die woord אִשִּׁי, wat sou kon geld as die onderwerp van die bysin of as 'n casus pendens by die hoofsin. Hierdie tipe sin sou ook met כִּי gevorm kon word, wat die konstruksie met אֲשֶׁר 'n alternatief vir die een met כִּי maak. Verder word daar enkele gevalle in wetskontekste aangetref waar die partikel nie aan die onderwerp van die hoofsin of bysin verbind sou kon word nie. Dit is in Levitikus 6:20b, Deuteronomium 11:26-27 en Levitikus 22:20. Veral die voorbeeld in Deuteronomium is van groot belang, omdat dit hier voorkom in 'n

dubbele bepaling waarvan die eerste deur אֲשֶׁר ingelei word en die tweede deur אִם לֹא. In albei gevalle staan die protasis na die apodosis en die parallelle gebruik maak dit duidelik dat אֲשֶׁר hier beslis voorwaardelik is.

In verhalende kontekste word daar ses gevalle aangetref waar die partikel aan die onderwerp van die bysin verbind sou kon word en drie waar dit aan die onderwerp van die hoofsin en die bysin verbind sou kon word. In een geval, Josua 4:21-24, kan dit nie aan iets in die twee sinne verbind word nie. Dit is dus so dat daar slegs enkele gevalle is waar die partikel duidelik voorwaardelik gebruik is omdat betreklik konstruksies in die gevalle onmoontlik is. Dit open egter die weg vir meer gevalle.

8. ALTERNATIEWE TRANSFORMASIES AS VERKLARING VAN DIE GEBRUIK VAN אֲשֶׁר AS VOORWAARDELIKE PARTIKEL


Hier kan nie volledig op alle fasette van transformasionele grammatika wat vir voorwaardelike sinne belangrik is, ingegaan word nie. Daar word slegs gepoog om 'n moontlike verklaring te bied in die lig van transformasionele grammatika. Vir die doeleindes van die bespreking word by die uiteensetting van Jacobsen (1986) aangesluit. Om te bepaal of 'n voorbeeld van die partikel אֲשֶׁר voorwaardelik of betreklik gebruik is, moet onthou word dat die bysin wat deur die partikel ingelei word, in terme van die transformasionele grammatika 'n ingebedde sin is. Om te onderskei, moet gevra word na die plasing van die ingebedde sin in die dieptestruktuur van die saamgestelde sin. Vir die plasing van 'n ingebedde sin waar daar sprake is van 'n betreklike bysin, is die volgende voorbeeld van Jacobsen (1986:194) voldoende: The man who came, is my best friend:



Voorwaardelike sinne in Bybelse Hebreeus

In hierdie geval moet of "that" of "who" uitgehaal word. Die betreklike bysin verklaar hier die onderwerp van die hoofsin. Dit kan natuurlik enige naamwoord, dus ook die voorwerp, indirekte voorwerp of die naamwoord na 'n voorsetsel, verklaar. Daar word nie voorbeelde daarvan gegee nie, omdat in die gevalle van וְאִשׁוֹ wat bespreek is, die betreklike bysin meesal die onderwerp van die hoofsin sou kwalifiseer.

Jacobsen gee nie voorbeelde van voorwaardelike sinne in sy bespreking nie. Ter wille van 'n voorbeeld vir vergelyking word sy voorbeeld van 'n redegewende sin in die verlede aangepas na 'n voorwaardelike sin in die toekoms (1986:38). Hier word nie ingegaan op sy standpunt dat onderskikkende voegwoorde as voorsetsels beskou moet word nie, omdat dit vir die struktuur van die sinne nie van belang is nie. Ter wille van die vergelyking met wat in Hebreeus algemeen is, word die voorbeeld aangepas om dieselfde onderwerp in die protasis en die apodosis te kry: (The man will die if he makes a mistake):




Voorwaardelike sinne in Bybelse Hebreeus

Hierna sal daar verskillende reëls, soos Move- α en die vervanging van die tweede "die man" met 'n terugwysende voornaamwoord, toegepas moet word om ook in Engels 'n sin te kry waar die protasis voorop staan: If the man makes a mistake, he will die.

Om hierdie nou toe te pas op een van die voorbeelde van אשר, word daar gekyk na Exodus 30:38. Die Hebreeus lyk soos volg: כִּמּוֹה לְהַרְיֵחַ בָּהּ וְנִכְרַת מַעֲמִיּוֹ


Indien die sin as 'n betreklike bysin geïnterpreteer word, kan dit soos volg weergegee word (aansienlik vereenvoudig):



Voorwaardelike sinne in Bybelse Hebreeus

Op hierdie sin sal wel verskillende transformasionele reëls toegepas moet word om by die oppervlaktestruktuur uit te kom, soos die weglating van כִּי en וְכִּי, die vervanging van selfstandige voornaamwoorde na voorsetsels met suffikse en die vervoeging van werkwoorde. Tog is dit duidelik dat die betreklike bysin verbind moet word aan die naamwoord in NP¹.

Indien die sin as 'n voorwaardelike sin geïnterpreteer word, sal die uiteensetting soos volg lyk (weer vereenvoudig):



In altwee die gevalle kan die ingebede sin raakgesien word, maar in die eerste geval as deel van die NP¹, en in die tweede geval as deel van 'n PP in die VP. Wanneer die verskillende transformasionele reëls toegepas word, kom daar twee oppervlakte strukture na vore met dieselfde lineêre struktuur. Daar moet dus 'n keuse gemaak word tussen die twee dieptestrukture. Indien die gevalle in gedagte gehou word waar die partikel nie aan iets in die hoofsin verbind kan word nie, soos in Deuteronomium 11:26 en 27 en Josua 4:21-24, word die dieptestruktuur vir 'n voorwaardelike konstruksie verkieslik. Selfs die vooropplasing van 'n naamwoord soos אִישׁ can dan verklaar word aan die hand van die reël van move-α. Die vooropplasing van כֹּל op sy eie kan ook aan die reël asook aan die weglating van 'n naamwoord soos אִישׁ daarna toegeskryf word. Solank die betekenisverhouding tussen die hoofsin en bysin in terme van Nida en andere (1983:103) se uiteensetting as gesubordineerd, logies en voorwaarde-resultaat beskryf kan word, kan die sin as voorwaardelik beskou word.

Wat die keuse van partikels betref, is dit so dat in sekere gevalle die keuse bloot opsioneel is. Daar is sekere gevalle waar daar 'n voorkeur is vir 'n spesifieke partikel, soos in komplekse wette, maar hierdie voorkeur is nooit absoluut nie. Die spreker het dus in elke geval 'n opsie gehad, waarby אִשׁר ook ingesluit was. Die feit dat die meeste van die voorbeelde van hierdie partikel voorkom in gevalle waar daar wel 'n verbinding gemaak kan word tussen die partikel en die onderwerp van of die hoofsin of die bysin of albei wys dat hierdie verskynsel wel 'n invloed op die keuse kon gehad het, maar hierdie invloed is nie in alle gevalle deurslaggewend nie.

8. SAMEVATTING

Daar word aangetoon dat die partikel אִשׁר wel gebruik kan word in voorwaardelike sinne. Dit kom meer dikwels in voorwaardelike sinne in wetskontekste voor as in verhalende kontekste. In sulke kontekste kan dit aan die begin van enkele wette gebruik word, en daar is ook 'n voorbeeld waar dit in 'n dubbele wet gebruik word, met כֹּל אִשׁר by die tweede wet. In komplekse wette word dit veral gebruik by ondergeskikte wette en daar kom geen geval voor waar dit aan die begin van komplekse wette gebruik word nie. In verhalende kontekste word dit gebruik op maniere wat ooreenstem met die gebruik van die partikels אִשׁר en כֹּל.

BIBLIOGRAFIE

- Bartsch , Renate, 1976. *The grammar of adverbials*. Amsterdam: North-Holland. (North-Holland linguistic series 16.)
- Davidson, A.B. 1924. *Hebrew syntax*. Edinburgh: T. & T. Clark.
- Driver, S.R. 1969. *A treatise on the use of the tenses in Hebrew*. Oxford: Clarendon.
- Friedrich, P. 1884. *Die hebräische Conditionalsätze*. Königsberg: Albertus-Universität.
- Gesenius, W. en Kautzsch, E. 1966. *Gesenius' Hebrew grammar*. 2nd. ed. (Translator A.E. Cowley.) Oxford: Clarendon.
- Jacobsen, B. 1986. *Modern transformational grammar*. Amsterdam: North-Holland. (North-Holland linguistic series 53.)
- Labuschagne, C.J. 1973. The particles ׀ and ׀. *Oudtestamentische Studiën* XVII:1-14.
- Nida, E.A.; Louw, J.P.; Snyman, A.H. & Cronje, J.V.W. 1983. *Style and discourse*. Cape Town: Bible Society of South Africa,
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Leeuwen, C. 1973. Die Partikel ׀. *Oudtestamentische Studiën* XVII:15-48.
- Van Rooy, H.F. 1990. *Voorwaardelike sinne in Bybelse Hebreeus. Navorsingsverslag vir die RGN*. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Potchefstroom.
- Waltke, B.K. & O'Connor, M. 1990. *An introduction to Biblical Hebrew syntax*. Winona Lake, Ind.: Eisenbrauns.
- Watts, J.W. 1964. *A survey of syntax in the Hebrew Old Testament*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.